higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4

30 September 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 4 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	Onwaar		
	1.1.2	Onwaar		
	1.1.3	Waar		
	1.1.4	Onwaar		
	1.1.5	Onwaar		
	1.1.6	Waar		
	1.1.7	Waar		
	1.1.8	Waar		
	1.1.9	Onwaar		
	1.1.10	Onwaar		
	1.1.11	Waar		
	1.1.12	Onwaar		
			(12 × 2)	(24)

1.2	1.2.1	Hoë howe		
	1.2.2	Premier		
	1.2.3	President		
	1.2.4	Wetgewende gesag		
	1.2.5	Wetsontwerpe		
	1.2.6	Parlement		
	1.2.7	Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK)		
	1.2.8	Regering		
			(8 × 2)	(16)
				[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

2.1
- Gelykheid
- Verdraagsaamheid
- Aanspreeklikheid
- Openbare deelname
- Vry en regverdige verkiesings
- Ekonomiese vryheid
- Deursigtigheid
- Aanvaarding van die resultate van verkiesings
- Voorkoming van magsmisbruik
- Menseregte
- Veelpartystelsel
- Oppergesag van die reg (Enige 5 × 2) (10)

2.2
- Die bevolking – burgers kan individueel of gesamentlik ’n beroep doen op politieke ampsdraers en openbare instellings as hulle nie tevrede is met dienslewering nie. ✓
- Individue – kan vertoë rig aan staatsamptenare en politieke ampsdraers oor sake waaroor hulle besorg is en wat hulle raak. ✓
- Hulle kan dit ook deur middel van stemming doen.
- Belange- en drukgroepe – Burgers wat ’n gemeenskaplike belang het, kan vertoë rig aan owerhede vir die verbetering van dienslewering. ✓
- Wetgewende strukture – Lede van hierdie strukture word normaalweg deur die kiesers tot hul poste verkies. ✓
- Politieke uitvoerende strukture – hulle dra aan hul toepaslike wetgewers die visie, missie en doelwitte oor van die politieke party wat tans in beheer is. ✓
- Beamptes – kan ’n invloed op beleidsvoorstelle uitoefen.
- Navorsing- en koördineringsinstellings – hulle verskaf inligting aan die regering, wat staatsinstellings met hul strategiese beplanning en beleidmaking kan help.
- Kommissies van ondersoek – aangestel deur die President, wanneer nodig, om ’n betrokke saak en alle omstandighede rakende die saak te ondersoek sodat ’n besluit geneem kan word.
- Departementele en interdepartementele komitees – kan saamgestel word om sake te ondersoek en inligting in te samel om besluitneming te fasiliteer.
- Internasionale organisasies – stel internasionale standaarde aan alle deelnemende lande en is verplig om aan die vasgestelde standaarde te voldoen.
- Die media – koerante, televisie, politieke joernaliste en radio speel ’n rol in beleidmaking.
- Internasionale invloede – enige betrokke land op die kontinent word onvermydelik beïnvloed deur naburige lande asook deur ander lande op die kontinent. (1 punt vir opnoem en 1 punt vir verduideliking)

(Enige 5 × 2) (10)

2.3
- Om demokratiese en verantwoordbare bestuur vir plaaslike gemeenskappe te lewer
- Om die voorsiening van dienste aan gemeenskappe te verseker
- Om maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te bevorder
- Om ’n veilige en gesonde omgewing vir gemeenskappe te bevorder.
- Om die betrokkenheid van gemeenskappe in die sake van plaaslike regering aan te moedig. (5 × 2) (10)

2.4
- Dit lei tot die verarming van die land se bevolking.
- Dit lei tot ’n verhoging in rentekoerse.
- Hoë inflasie voorkom ekonomiese groei.
- Verbruikerspryse verhoog gereeld.
- As jy jou geld spaar, erodeer inflasie die koopkrag van die bedrag wat gespaar is.
- In ’n situasie van hoë inflasie is die fokus meer op salarisverhoging as hoër produktiwiteit. (4 × 2) (8)

[38]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1
- Enigeen wat in diens van die staat is.
- Die premier en ander lede van die uitvoerende raad van ’n provinsie
- Ander ampsdraers.
- Lede van die Nasionale Vergadering en permanente afgevaardigdes na die NRP.
- Ongerehabiliteerde insolvente.
- Enigeen wat deur ’n hof van die Republiek bevind is om nie by sy/haar volle verstand te wees nie.
- Enigiemand wat skuldig bevind is aan ’n oortreding en gevonnis is tot meer as 12 maande gevangenisstraf sonder die keuse van ’n boete.

(Enige 3 × 2) (6)

3.2
- Stel kredietbeheermaatreëls in werking om mense daarvan te weerhou om te veel te koop en te veel geld te bestee.
- Die inwerkingstelling van hoër rentekoerse kan lei tot minder krediettransaksies asook minder prysverhogings.
- Maatreëls om algehele produksie in die land te verhoog kan daartoe lei dat die aanbod van goedere voldoende is om in die vraag daarna te voorsien. Dit sal derhalwe nie ’n verhoging in pryse veroorsaak nie.
- Die Reserwebank het ’n inflasieteikenstelling-raamwerk geïmplementeer. Dit is ’n monetêre beleidsraamwerk waarin die bank ’n eksplisiete inflasieteiken aankondig en beleid in werking stel om hierdie teiken te bereik.

(Enige 3 × 2) (6)

3.3
- Die sentrale vlak is die eerste owerheidsvlak en bestaan uit die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies.
- Die provinsiale vlak is die tweede owerheidsvlak. Suid-Afrika bestaan uit nege provinsies.
- Die plaaslike vlak is die derde owerheidsvlak en word verdeel in plaaslike munisipaliteite, elk met sy eie munisipale raad. (3 × 2) (6)

3.4 Die Parlement se mandaat of doel is om wetgewing of wette aan te neem en dit hou toesig as die uitvoerende gesag. (2)

3.5 Nasionale Raad van Provinsies (2)

[22]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou